LAERSKOOL**SABIE**PRIMARY
PRIVAATSAK / PRIVATE BAG X516, SABIE, 1260
T: 013 764 1328
F: 013 764 3510
E: admin@laerskoolsabie.co.za
W: www.sabielaerskool.co.za

GEDRAGSKODE - SKOOLREëLS EN REGULASIES

Ouers en leerders moet asseblief kennis neem - Leerders moet reëls gehoorsaam

Missie

"Hierdie Gedragskode is ontwikkel deur die ouers, onderwysers en leerders van LAERSKOOL SABIE, om sodoende te verseker dat die kultuur van onderrig en leer kan inslag vind in 'n ordelike en geskikte omgewing waartydens elke rolspeler homself ten doel stel om hulleself en die goeie naam van die skool uit te brei, en te bevorder".

Die doel van die gedragskode:

- Die daarstelling van 'n atmosfeer waar leer en onderrig op 'n ordelike wyse kan plaasvind.
- Om te verseker dat alle leerders van die skool die reg tot onderwys in 'n veilige omgewing kan geniet.
- Om alle rolspelers die geleentheid te bied om 'n positiewe bydrae tot die leerproses te kan lewer.
- Om opbouende inspraak te bevorder.
- Om te verseker dat alle rolspelers met die nodige respek behandel word.
- Die bevordering van 'n kultuur van onderrig en leer deur die daarstelling van kwaliteit onderwys.
- Die daarstelling van 'n Erekode gebaseer op norme en waardes van die gemeenskap.
- Om die ontwikkeling en onderhoud van skool fasiliteite te bevorder.
- Om respek te kweek vir die omgewing waarin ons werk en speel.

Ons, die leerders onderneem om:

- om God te dien, te vrees en te eer.
- andere se reg om onderrig te ontvang te RESPEKTEER.
- ons onderwysers te respekteer.
- ons persoonlike higiëne en waardigheid te verhef/ te verhoog/ te bevorder.
- andere se waardigheid en persoon te respekteer.
- die skool se eer te beskerm en te respekteer.
- die gemeenskap te dien.
- altyd ons bes te doen en pligsgetrou te wees in uitvoering van ons taak.
- my eie en die teenoorgestelde geslag te respekteer.
- te alle tye goeie maniere te handhaaf.
- trots te wees en respek te toon teenoor ons land.
- gereeld skool by te woon.
- om die program van die skool te respekteer en betyds en stiptelik te wees.

Persoonlike optrede

1. 'n Leerder moet altyd so optree dat die regte van andere om te leer gerespekteer sal word.
2. 'n Leerder moet hom/haar te alle tye op 'n aanvaarbare manier gedra by die skool - hoflik wees, goed gemanierd en lojaal teenoor skool, onderwysers en maats.
3. Vuil taal, bakleiery en die dra van gevaarlike wapens, speelgoed by die skool of skoolaktiwiteite word nie toegelaat nie. Kougom is verbode.
4. Afknouery, viktimisasie, intimidasie, belediging van andere is ontoelaatbaar.
5. Leerders moet alle klasse bywoon en leeglêery op speelgronde is ontoelaatbaar.
6. Leerders moet betyds wees vir skool.
7. Afwesighede moet opgevolg word deur 'n brief van die ouers of dokter waarin redes verskaf word vir afwesigheid.
8. Lesse/Klasse mag nie deur swak gedrag onderbreek word nie.
9. Leerders moet altyd hoflik, hulpvaardig en lojaal teenoor die skool, onderwysers en maats wees.
10. Geen pornografie van watter aard ookal mag in jou besit wees of op skool terrein gebring word nie.
11. Leerders mag niks by skool smous, verkoop vir eie gewin sonder toestemming nie.

Respek vir eiendom

1. Leerders moet respek hê vir skooleiendom asook vir mede leerders se eiendom.
2. 'n Leerder mag nie steel nie.
3. Eiendom mag nie beskadig word nie.
4. Daar mag nie op mure, deure, vensters ens. gekrap, geskryf word nie. Vandalisme word as 'n ernstige oortreding beskou.
5. Leerders moet die skoolgeboue en fasiliteite oppas.
6. Leerders en ouers is verantwoordelik vir die herstel van enige skooleiendom wat leerders beskadig - dit sluit beskadigde handboeke, lêers in.
7. Die skoolgeboue en -terrein moet netjies gehou word. Alle papiere en rommel moet in die vullisblikke gegooi word.
8. Geen skooleiendom mag van die skoolgronde verwyder word sonder toestemming van die Hoof nie.
9. Leerders is verantwoordelik vir alle handboeke, mediaboeke en l_ers aan hulle uitgereik. Leerders moet dit nie verniel nie en oortrek soos deur die onderwysers vereis. Elke leerder moet 'n behoorlike, stewige skooltas hê om die boeke in te dra. Geen rugsakke/sakke wat nie boeke sal beskerm nie, word toegelaat nie. Alle boeke moet ingehandigword wanneer 'n leerder verhuis of die skool verlaat asook aan einde van jaar.
10. Leerder behoort selfrespek te hê en daarom hulle hare versorg en netjies kam en netjies en trots op hulle self, hulle skool en skoolwerk wees.

Besoeke aan ander skole/plekke/opvoedkundige uitstappies

1. Ouers/voogde moet toestemmings briewe en vrywaringsbriewe teken en leerlinge moet dit by betrokke onderwysers inhandig.
2. Gelde vir uitstappies moet vroegtydig inbetaal word.

3. Leerlinge se gedrag moet onberispelik wees in die bus en gedurende die uitstappies.

Veiligheid

1. Geen gevaarlike wapens van enige aard word op die skoolterrein toegelaat nie. Indien 'n leerder hom/haarself hieraan skuldig maak kan hy/sy geskors word. Dit word as 'n ernstige oortreding beskou.
2. Aanranding, intimidasie, bakleiery by die skool is verbode.
3. Geen bendes of bendebedrywighede word toegelaat nie.
4. Rook, besit van sigarette op skoolterrein is verbode.
5. Geen leerder mag enige dwelmmiddel of alkohol gebruik, verkoop of in sy besit hê by die skool nie.
6. Gevaarlike situasies/voorwerpe/plekke moet onder die Hoof se aandag gebring word.
7. Geen troeteldiere of speelgoed mag sonder toestemming skool toe gebring word nie. (Dit sal gekonfiskeer word.)
8. Niemand mag op die stoepe, paviljoene in die klaskamers of skoolsaal hardloop, skreeu of speel of klim nie.
9. Sodra die klok lui aan die begin van die skooldag of na pouses moet leerders dadelik ophou speel en raas en dadelik gaan aantree.
10. Sodra 'n leerder op die skoolbus of skoolterrein kom, is hy/sy onder die skool se rëels, gesag en toesig.
11. Daar moet weggebly word van klaskamers, stoepe, kantoor en motors, gedurende pouse en na skool - tensy onderwyser teenwoordig is.
12. Gehoorsaam die skoolleiers. Hulle is daar om te help.
13. Die skoolterrein mag nie verlaat word sonder toestemming van die Hoof nie. Ouers moet skriftelike toestemming gee dat 'n leerder die terrein mag verlaat.
14. Afsprake met tand- of oogartse en/of dokters, moet sover moontlik buite skoolure gereël word.
15. Gevaarlike speletjies, klippe/voorwerpe gooi, vloekery, afknouery of bakleiery is verbode.
16. Seuns en meisies vanaf Gr 4 speel op aparte speelgronde. Seuns - rugbyvelde, meisies - netbalbane. Gr 1 tot Gr 3 speel aan westekant van pad. Geen spelery naby Personeelkamer/kantore.
17. Geen gespelery, gepeuter met brandslange, emmers met sand of brandblussers, elektriese toerusting of elektriese kragpunte, -skakelaars word toegelaat nie.
18. Tasse/sportsakke moet gedurende sportperiodes in afrigters se klasse gebêre word - nie op stoepe of buite of in kleedkamers nie.
19. Die skolierpatrollie moet gehoorsaam word en pad mag slegs oorgesteek word by voetoorgange.

Klaskamerreëls

1. Klaskamers moet te alle tye netjies en skoon gehou word.
2. Geen meubels/toerusting mag sonder toestemming verwyder word nie.
3. Niemand mag in 'n klaskamer rook of eet nie.
4. Onderwysers moet gerespekteer word.
5. Klasse mag nie sonder toestemming verlaat word nie.
6. Steel is verbode - leerders moet mekaar en onderwyser se eiendom uitlos en respekteer.
7. Alle leerders moet die onderwyser se reëls vir sy klas respekteer en eerbiedig. Enige reëls wat as onbillik beskou word moet deur die leerder met die Hoof bespreek word.
8. Geen lesse mag op enige manier onderbreek /ontwrig word nie.

Skooldrag

ALLE SKOOLKLERE MOET DUIDELIK GEMERK WEES!!!!!!

Seuns: Grys broek, grys hemp of skool groen gholfhemp en grys kouse, swart skoolskoene.
Winter: Skoolsweetpak en grys hemp of grys lang broek, grys hemp en skooltrui of skool groen gholfhemp. Groen Drimac baadjies mag gedra word.

Meisies: Groen broekromp (Culotte) met groen skool gholfhemp of wit kraag hempie, wit kouse, swart skoolskoene.
Winter: Bostaande of skoolsweetpak, wit kouse en groen skool gholfhemp en skooltrui. Groen Drimac baadjies mag gedra word.

Provinsiale Kleure
Indien 'n leerder self Provinsiale kleure verwerf het mag dit op Vrydae skooltoe gedra word. (Boeties/sussies se provinsiale kleure mag nie gedra word nie) Geen "skipants" by skoolklere.

GEEN OORBELLE, HANGERTJIES OF ANDER JUWELE NIE! Dogters mag oorknoppies (maks 5 mm) goud of silwer of klein (1cm) oorringetjies (goud/silwer) sonder enige aanhangsels (slegs 1 per oor) en 1 seëlring dra. Haarlinte, haarknippies en haarbande mag groen, wit, geel of swart wees.

Hare en persoonlike higiëne

1. Hare moet netjies en skoon gehou word. Dit moet netjies gekam word en seuns se hare moet kort gedra word. Meisies met lang hare moet dit vasbind. Geen kuiwe wat in die oë hang nie.
2. Hare moet natuurlik wees - geen kleurstowwe of gegolfde hare. Geen spuitmiddels of gel om hare in posisie te hou is aanvaarbaar nie.
3. Naels moet kort en netjies/skoon wees. Geen naellak word toegelaat nie.

Afwesighede

Leerlinge mag nie sonder toestemming afwesig wees van klas, vir 'n gedeelte van die dag of vir 'n volle skooldag nie. Indien 'n leerling wel afwesig is moet 'n briefie die volgende dag ingehandig word waarin sy/haar ouers 'n verduideliking/rede verskaf. Doktersertifikate moet ingeval van siekte ingehandig word. Vir ander redes bv. begrafnisse, ens. skakel vooraf met die Hoof.

Skooltye

Maandae tot Vrydae:
Gr. 1 & 2: 07:20 - 12:30
Gr. 3 07:20 - 13:00
Gr. 4 - 7: 07:20 - 13:30

Oplaai/aflaai van leerders

Kinders moet by die afdak agter die skool af en op gelaai word. Geen leerlinge mag aan die voorkant van die skool vir hulle ouers wag nie omdat hulle in die straat speel, en ons nie oral kan toesig hou nie. Ry versigtig en hou by die stadige spoed, kinders is onvoorspelbaar en sien nie altyd die gevaar.
LET WEL: Die pad deur die skool is 'n eenrigting gaan noord in en suid uit.